Skryf aan: *Bosstories, Wegbreek, Posbus 180, Howard Place, Kaapstad 7450* ***Faks:*** *021 531 1447* ***E-pos:*** *bosstories@rsp.co.za*
Bydraes van minder as 600 woorde en foto's van hoë gehalte geniet voorkeur.

Dis tyd om te groet, Afrika roep

'n Jaar van beplanning en padkaarte bekyk, is verby – 15 Maart 2008 is om die draai. Die storie van my droom om per motorfiets deur Afrika na Europa te toer, gaan nou begin.

My laaste, lang toetsrit het my einde November na Kaapstad geneem. Op pad het ek in Clanwilliam vir my rooi voetegoed gekoop; daardie soort wat David Kramer bekend gemaak het. Nou het die sterre reggestaan en agterop my bagasie het ek 'n paar rooi skoene vasgebind. Daar het hulle elke dag gery tot ek 5 000 kilometer verder in Mookgopong gestop het.

Van Clanwilliam is ek noord, verby Bitterfontein waar Suid-Afrika se grootste diamantroof lank gelede gebeur het (en steeds onopgelos is). By die vleiswerke daar (ek is mal oor die eiesoortige taalgebruik van die Namakwalanders) het ek vir my droëwors gekoop en dit in die karige skadu voor die slaghuis geëet.

Tussen die rotskoppe en -klowe van die pad tussen Garies en Kamieskroon het die ruwe skoonheid van die gebied in my reissiel kom sit, en het name soos Jan Dirk se Kop, Handjieskraal se Berg, en Soetheuningberg my laat verlang na 'n boeredans op 'n plaas in Namakwaland. Dit wil ek in die tweede helfte van die jaar doen.

By Steinkopf het ek 'n roosterbrood by twee Namavroue in hul matjieshut gekoop. Ek het die hele dag aan die brood geëet en aan 'n lewe in matjieshutte gedink.

Die bloedige somerhitte van die pad tussen Vioolsdrif en Grunau was vir my skrikwekkend. Is dit hoe dit in die Sahara gaan wees?

Keetmanshoop, Windhoek, Okahandja, Grootfontein het plekname agter my geword. My KLR het die bloedige hitte en swaar vrag soos 'n droom hanteer, en vir ure aaneen was die eensilinder se eiesoortige dreuning my enigste geselskap.

Toe ek Kavango binnery, kon ek dadelik die verskil opmerk. Ek was in Afrika. Kinders het langs die pad die Okavango-lemoene (nee, nie regte lemoene nie) verkoop. Vroue het *mahango* in hul houtblokke tot meel gestamp. Oos van Rundu het ek op 'n grondpad langs die Kavangorivier gery en gesien hoe 'n man met pyl en boog vis jag. 'n Groep vroue was op pad na 'n tradisionele dans vir hul oumense, en Katura Engelbertha van die dansgroep het vir my 'n armband gegee om my reis deur die Kavango en Caprivi voorspoedig te maak.

In Katima Mulilo het ek in 'n ou offisiersmenasie van die Suid-Afrikaanse Lugmag oornag. As die mure van die kamers en die kroegie net kon vertel van 'n lewe 'n paar dekades gelede …

Ek kan net dink wat nog op my wag. Ek is bang dat Europa ná Afrika teleurstellend gaan wees. Ek wonder soms of ek werklik wil ophou ry. Wie weet waar die eindpunt van Naboom2Germany gaan lê?

Maar vir nou gaan ek op wonderlike Afrika konsentreer. Ek sal julle laat weet wanneer die Suiderkruis vir oulaas agter die horison verdwyn het.

Afrika-groete

Lodie de Jager
www.naboom2germany.co.za
lodie@naboom2germany.co.za

Lodie, baie sterkte en voorspoed met jou tog. Ons sien uit na jou volgende brief en foto's. Jy wen die UltraOptec-verkyker ter waarde van R930 sodat jy mooi terug kan kyk wanneer jy terug is.

Volg Lodie se Met my rug na die Suiderkruis-reis op www.wegbreektydskrif.com onder die Blogs-kategorie*. Hy spring op 15 Maart 2008 in Mookgopong met sy Kawasaki KLR 650-motorfiets weg en wil op 15 Junie 2008 in Duitsland stop.*

As jy belangstel om ook te blog, stuur 'n e-pos aan bosstories@rsp.co.za met meer inligting oor jou reisplanne. Blog-deelname is gratis en kommentaar op ons blog-skrywers se ervaringe word op die webwerf verwelkom.